D.A. MULLERKOSHUIS

Alle korrespondensie moet gerig word aan:
All correspondence must be addressed to:

DIE HOOF / THE PRINCIPAL
Jim van Tonderskool
Privaatsak / Private Bag X1007
BETHAL, 2310

Tel.: (017) 647 2606
Faks / Fax: (017) 647 5988

2018/02/02
A van 2018

Geagte Ouer / Voog

Baie welkom terug aan al ons ouers en leerlinge, ons vertrou dat u 'n lekker vakansie gehad het.

'n Besondere woord van welkom aan al ons nuwe ouers en leerlinge, dit is 'n voorreg om u deel te maak van DA Mullerkoshuis.

Dit is 'n groot aanpassing vir ons nuwe leerlinge om in die koshuis te wees. Wees maar geduldig as u kind nog 'n bietjie sukkel met die aanpassing, dit sal verbeter.

HANTERING VAN PROBLEME
As u kind enige probleme by die koshuis ondervind moet dit dadelik gerapporteer word, sodat ons dit onmiddellik kan hanteer. Hoe gouer u kind 'n probleem rapporteer, hoe gouer kan dit opgelos word. Daar is 24 uur per dag onderwysers aan diens by die koshuis by wie probleme aangemeld kan word en die koshuisvader woon ook op die terrein by wie dit aangemeld kan word.

MEDIKASIE
Geen medikasie mag by die leerlinge in hulle kaste gehou word nie, dit moet by die siekekamer ingehandig word.

Merk asseblief die medikasie duidelik. Dui ook op die houer aan hoe dit geneem moet,word indien dit nie op die houer aangedui is nie. U moet ook aandui waarvoor dit geneem moet word. Dankie vir u samewerking.

SIEK LEERLINGE
Die koshuis beskik oor 'n siekekamer waarheen leerlinge kan gaan indien hulle sleg voel. Indien dit ernstig is sal u daarvan inkennis gestel word en indien u aan 'n mediesefonds behoort, kan u vir u kind 'n afspraak by 'n dokter in Bethal maak en ons sal toesien dat u kind by die dokter kom. Ouers wat nie aan 'n mediesefonds behoort nie, sal u kind na die hospitaal se buitepasiënte geneem word indien nodig. Slegs die koshuisvader of matrone mag u skakel om hierdie reëlings te tref en nie die kind self nie. Indien nodig sal ons u kind in die siekekamer versorg totdat hy/sy kan huistoe gaan.

SLOTTE EN WAARDEVOLLE ITEMS
Kry asseblief vir u kind 'n ordentlike slot indien hy nie een het nie.

U kind moet nie waardevolle items na die koshuis toe bring nie. Tablette en skootrekenaars is nie toelaatbaar nie. Moet ook nie vir u kind 'n duur selfoon gee om na die koshuis toe te bring nie.

Elke leerling is verantwoordelik vir sy/haar besittings. Ons kan nie verantwoordelik gehou word as hy/sy dit vir 'n ander leerling gee om op te pas en dit kom iets oor nie. Sorg asseblief dat u kind se klere en ander besittings duidelik gemerk is.

ROOK
Dit is onaanvaarbaar om in 'n skoolkoshuis in te stap en dit stink na rook. Van die kinders raak nou al so arrogant dat hulle op die beddens lê en rook. Stompies word op die venterbanke doodgedruk en op die vloer doodgetrap. Verlede jaar het 'n seun se klere gebrand as gevolg van 'n stompie wat teen die kas doodgedruk is.

Ouers, bogenoemde gedrag is onaanvaarbaar en daar is besluit om ernstig teen die leerlinge op te tree wat nie by die reël oor rook hou nie. Leerlinge mag nie by die koshuis rook of sigarette en aanstekers by hulle hê nie.

Indien 'n leerling die reël oortree sal daar negatiewe punte toegeken word. Indien 'n leerling die reël vir die derde keer oortree sal hy/sy vir 1 week tydelik geskors word. Na die 3de skorsing sal die leerling sy/haar plek in die koshuis permanent verloor.

Praat asseblief ernstig met u kind oor hierdie aangeleentheid want dit is tot voordeel van u kind en al die ander leerlinge wat die reg het om rookvrye lug in te asem.

VANDALISME

Die koshuis spandeer jaarliks baie geld aan onderhoud. Baie van dit is om gebreke te herstel wat deur leerlinge veroorsaak is. Indien u kind hom/haar skuldig maak aan vandalisme, sal die kostes van u as ouer verhaal word voordat u kind na die koshuis toe mag terugkeer.

KOSHUISHEK

Die toegangshek by die koshuis maak in die aande om 19:00 toe. Al die leerlinge wat op 'n Sondag na die koshuis toe terugkom, kan vanaf 14:00 in die middag inkom, maar nie later as 18:30 nie aangesien die hek reeds om 19:00 toegemaak word. Indien u 'n probleem ondervind, moet u asseblief 'n reeling tref sodat u gehelp kan word.

Dankie vir u samewerking.

FINANSIES

Sien asseblief toe dat u kind se losies elke maand betaal word sodat daar nie agterstallige gelde op u rekening wys nie. U sal u eerste rekening op Vrydag 2 Februarie ontvang.

Net weer die volgende inligting ten opsigte van die Koshuisgelde en Nelspruit busgelde :

Die busgelde moet asb. voor of op daaropvolgende Woensdag inbetaal wees en die bewys deurgefaks word na die skool. Faksnr 017 647 5988 of epos die bewys na die volgende epos adres toe *damullerkoshuis@gmail.com.*

Slegs Koshuisgelde en Nelspruit busgelde moet in die koshuis se bankrekening inbetaal word.

Rekening besonderhede :-	**DA Mullerkoshuis**
	ABSA Bethal
	760 260 002
Verwysing :-	**U KIND SE NAAM EN VAN ASOOK KOSHUISGELD OF BUSGELD**

Maak asb. seker dat die gelde reg en betyds inbetaal word.

BELANGRIKE DATUMS

28 Maart	Skool sluit. Koshuis sluit om 18:00
9 April	Koshuis open om 14:00
10 April	Skool open

Geniet die naweek saam met u kind.

Groete,

M KRüGER
HOOF

TG PRETORIUS
ADJUNK-HOOF
KOSHUISVADER